

# 95

1926 - 2021


# WAT

Woordeboek van die Afrikaanse Taal

## OORSIG VAN 2020 - 2021

### Tot by Z in 2028

Sewe en 'n half jaar van die tienjaarplan vir die voltooiing van die WAT bly oor nadat al die gestelde doelwitte vanaf 2019 bereik is. Die WAT het sy lynfunksie, die voltooiing van 'n omvattende verklarende Afrikaanse woordeboek tot by die letter Z, volgens die doelwitte van die tienjaarplan verwesenlik. Die maatskappy het egter terselfdertyd steeds 'n breër rol in die bevordering van Afrikaans en die leksikografie gespeel.



### Die WAT word 95 en deel XVI van die WAT verskyn

Twee mylpale is in 2021 bereik: die WAT het 95 jaar oud geword en deel XVI van die WAT het verskyn. Deel XVI van die WAT is die derde en laaste deel wat oor die letter S handel. Die dubbele feesviering het op 6 Mei virtueel in die Endlersaal in Stellenbosch plaasgevind.

Deel XVI van die WAT word aan die ondervoorsitter van die direksie, prof. Rufus Gouws, oorhandig deur dr. Willem Botha.

### Woordeboek van die Afrikaanse Taal en ander produkte

Met die publikasie van deel XVI in Mei 2021 was 50 van die 125 deeltrajekte van die letter T reeds voltooi deur die mederedateurs en gereed vir redigering. Deel XVI bevat net soos deel XV ook 'n Addendum van woorde van A tot S wat ontstaan het nadat die onderskeie dele van die WAT gepubliseer is.



Dr. Gerda Odendaal het reeds in 2020 begin werk aan woorde van A tot Z wat hul oorsprong in Kaapse Afrikaans het. Hierdie projek het nodig geword omdat daar die afgelope tien jaar heelwat boeke in Kaapse Afrikaans gepubliseer is en die materiaal nou geredelik beskikbaar is. Van hierdie woorde is reeds in die *Aanlyn WAT* en in die Addendum tot deel XVI opgeneem. Die res van die woorde sal op hul alfabetiese plek in die *Aanlyn WAT* opgeneem word.

Die gaskunstenaar by die bekendstelling van WAT XVI was die agtienjarige Ying-Shan Tseng. Sy het 'n klavieruitvoering gelewer en ook toonsettings van Boerneefgedigte en Kinders van die Wind van Koos du Plessis gesing. 'n Opname is beskikbaar by <https://www.youtube.com/watch?v=oa7IUbjTiQ>

*Lexikos* is 'n internasionaal geakkrediteerde vaktydskrif wat jaarliks deur die WAT uitgegee word. Daar kan in vyf tale gepubliseer word, te wete Afrikaans, Duits, Engels, Frans en Nederlands. *Lexikos 30* het in November 2020 aanlyn verskyn onder die redakteurskap van prof. Elsabé Taljard van UP en dr. Steve Ndinga-Koumba-Binza van UWK. *Lexikos* word per artikel aanlyn gepubliseer soos dit gekeur, geredigeer en geset word.

### Bevordering van Afrikaans

'n Taaldagkompetisie #wysjouwoord is in Augustus 2020 gehou waarin leerders hul gunstelingwoord moes illustreer. Deon Meyer het *Illusie* as die wenner aangewys.





In Oktober 2020 is 'n kompetisie gehou om die treffendste Afrikaanse handelsnaam te bepaal. Daar is landwyd op sosiale media gestem en die eerste drie plekke is ingeneem deur *Moer op als* (braaisous), *Koer* ('n afspraakklub) en *Oep ve koep* (restaurant). 'n Groot beweegrede vir die kompetisie was om Afrikaanse ondernemings broodnodige blootstelling tydens die pandemie te gee.

Dre. Botha en Lombard het maandeliks in die program *Taaldinge* op RSG onder leiding van Magdaleen Kruger, en later Ina Strýdom, luisteraars se taalnavae beantwoord.

Dr. Botha bespreek elke Vrydagoggend op Monitor 'n Afrikaanse woord na aanleiding van onlangse nuusgebeure. Die aanbieders doen daarna 'n kort promosie vir Borg 'n Woord van ongeveer een minuut.

**mang**

<sup>1</sup> **mang** (geselstaal)  
 I s.nw. (geen mv.) TRONK: 'n Betroubare bron het aan Son bevestig dat rotte "so groot soos katte" in die mang rondhol en dat die plek skoongemaak word (Son, 15 Sept. 2015, 4).  
 II ww., het gemang. Tronkstraf uitdien: 'n Veroordeelde misdadiger wat vir ernstige geweldsmisdade gemang het, wil die jeug nou motiveer en inspireer (Son, 4 Nov. 2013, 7).

<sup>2</sup> **mang** ww., het gemang; byv. gemang. (geselstaal, minder gebruiklik) Afknou, slaan, seermaak of kwaad aandoen: Hy kan ons nie meer mang nie.

WAT

'n Geïllustreerde Woord van die Week, gekies uit die WAT, verskyn elke week in vier hoofstroomkoerante en 14 plaaslike koerante regoor Suid-Afrika. In sommige hoofstroomkoerante word dit sonder die illustrasie gepubliseer.

## Opleiding



Twee virtuele opleidingsgeleenthede is aangebied. Onderwysstudente van die Fakulteit Opvoedkunde van die US en van die KSUT-kampus op Wellington het in Junie en Julie 2021 'n werkwinkel bygewoon in die gebruik van die *Aanlyn WAT* in die onderrig van Afrikaans op skool. Lesplanne met memoranda is elektronies aan die studente beskikbaar gestel en een les is ook ter illustrasie in die werkwinkel aangebied. Die opleidingspan bestaan uit dr. Frikkie Lombard, mnr. Gerhard van Wyk, mev. Alet Cloete en dr. Gerda Odendaal. Mnr. André du Plessis het tegniese ondersteuning aan die span gebied.

Lika Gorokhova (22) 'n vierdejaarstudent aan die Moskouse Staatsuniversiteit het die WAT vir 'n begeleide toer en gesprek oor die WAT besoek. Sy praat vlot Afrikaans en het pas 'n BA-graad behaal met Afrikaans as een van haar hoofvakke. Hier verskyn sy saam met dr. Willem Botha.

## Borg 'n Woord

Dawie Roodt is die beskermheer van die Borg 'n Woord-projek vir 2020 - 2021. Hy was die gasspreker by 'n Woordpret op 15 Oktober 2020 waartydens hy as die nuwe beskermheer aangekondig is. Dit is tans die elfde jaar van hierdie suksesvolle projek waardeur reeds byna R4 miljoen gein is. As jy jou gunstelingwoord wil borg, gaan na [www.wat.co.za](http://www.wat.co.za) en klik op Borg 'n Woord. Deelnemers kan R25 000 wen in 'n prystrekking geborg deur Sanlam.



Die trekking vir die Borg 'n Woord-Sanlamprys is waargeneem deur die voorsitter van die WAT Direksie, prof. Hester Klopper. Saam met haar is mnr. Johan Holtzhausen, voors. van die WAT Trust, mnr. Abdul-Rashied Essop van Sanlam en dr. Willem Botha. Die wenner van R25 000 was dr. Lou Pistorius.



## Dankie

Die WAT Direksie en die WAT Trust se ondersteuning speel 'n deurslaggewende rol in die sukses van die WAT as maatskappy. Ons donateurs maak dit vir ons moontlik om 'n kreatiewe en produktiewe maatskappy te wees. **Die lede van die WAT Direksie is:** prof. H. Klopper (voors.), prof. R.H. Gouws (o.voors.), dr. W.F. Botha (uitvoerende direkteur), prof. W.A.M. Carstens, prof. F.S. Hendricks, mnr. H.A.J. Lombard, prof. M. Pienaar en dr. R.A. Stevens. **Die lede van die WAT Trust is:** mnr. J.A. Holtzhausen (voors.), mnr. P. Aucamp, dr. W.F. Botha, mnr. R.P. Gouws, mnr. R.M. Jansen, mev. B. Matthews, mnr. D.G. Meyer en prof. A. Schoonwinkel.

## Donateurs

*'n Besondere woord van dank gaan aan ons Anker-donateurs:*

ABSA, Afrikanerbond, ATKV, †H.C.L. Aucamp, Dagbreek Trust, G.T. Ferreira, Fonds Neerlandistiek, Fynbos Trust, Hermann Giliomee, Gouwsgesin, D.W.R. Hertzog, E. de la H. Hertzog, Het Jan Marais Nationale Fonds, D.M. Hoogenhout, Jannie Mouton Stigting, M. Jooste, L.W. Hiemstra Trust, Marie Luttig Trust, Meakergesin, Laetitia Morkel, National Lotteries Board, Nederlandse Taalunie, N. Steyn Trust, Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, Pricewaterhouse Coopers, Remgro Beperk en Venfin Beperk, Reunert Beperk, Rupert Gesinstigtings, Sanlam, Sappi Beperk, Sasol, Sdu Nederland, Stonehage Charitable Trust, Trust vir Afrikaanse Onderwys, Universiteit Stellenbosch, Universiteit van Pretoria, Universiteit van die Vrystaat, Wenakker (Edms.) Bpk.

Ons bedank ook graag al ons ander donateurs en al die deelnemers aan **Borg 'n Woord**. Nog donateurs en die deelnemers wat woorde gekoop het, verskyn op ons webtuiste by [www.wat.co.za](http://www.wat.co.za) en in die WAT self.

## Kom ons doen dit vir Afrikaans!

Beide die WAT en die WAT Trust het belastingvrystelling kragtens artikel 18A. Inligting oor donasies en belastingvrye skenkings aan **Borg 'n Woord** is te kry by [www.wat.co.za](http://www.wat.co.za), 021 887 3113 of [wat@sun.ac.za](mailto:wat@sun.ac.za)